

Om jou verhaal van Jesus mee te deel



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Ef. 2:1-10, 1 Joh. 4:7-11, Mark. 5:1-20, Heb. 10:19-22, Gal. 2:20, 1 Kor. 1:30.

Geheeteks:

“Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God”
(1 Johannes 5:13, OAB).

Soos ons in ’n vorige les gesien het, is ’n veranderende lewe die allerbeste getuienis dat niks so transformierend soos die evangelie is nie. Mense kan jou bybeluitleg bevraagteken. Oor leerstellings kan geredeneer word. Selfs hoe jy die Skrif verstaan, kan bevraagteken word. ’n Mens se persoonlike getuienis – oor wat Jesus vir jou beteken en wat Hy al in jou lewe gedoen het – dít word egter nie maklik in twyfel getrek nie.

Om te getuig, is om jou kennis van (en ervarings met) Jesus aan ander oor te dra. Dit beteken dat jy aan hulle vertel waarom Christus vir jou kosbaar is en ook wat Hy vir jou gedoen het. As ’n mens egter uitsluitlik op die reg en verkeerd van geloofsoortuiging fokus – dat jý reg, en die ander persoon verkeerd bewys moet word – gaan jy met felle teenkating begroet word. As ’n mens egter met harte wat deur genade verander is vir Jesus getuig – in verwondering oor sy liefde en met bewondering vir sy waarheid – sal ander beïndruk word deur die transformasie wat die waarheid in jou teweeggebring het. Waarheid wat binne die konteks van ’n veranderde lewe aangebied word, is uiters deurslaggewend. Waar Christus die middelpunt van elke leerstelling is, en waar elke onderwysing in die Woord sý karakter weerspieël, is die kans groter dat diegene aan wie ons dit verkondig, die Bybelse leer sal aanvaar.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 12 September.*

Jesus: Die grondslag van ons getuienis

As gelowiges het ons elkeen 'n persoonlike getuienis, van hoe Jesus ons lewens verander het en wat Hy alles vir ons gedoen het.

Lees Efesiërs 2:1-10. Hoe was ons voordat ons die Here leer ken het? Wat behoort alles aan ons, sedert ons Christus as Saligmaker aanvaar het?

A. Die lewe voor ons Christus leer ken het (Ef. 2:1-3).

B. Die lewe na ons Christus leer ken het (Ef. 2:4-10).

Wat 'n wonderbaarlike verandering! Voor ons Christus geken het, was ons “dood as gevolg van [ons] oortredings en sondes.” Ons “het gelewe soos hierdie sondige wêreld” – “in die begeerlikhede van die vlees” en “van nature kinders van die toorn” (*NAB en OAB*). Met ander woorde, voordat ons Christus leer ken het, het ons basies doelloos geleef. Ons was heeltemal verlore. Dalk het 'n mens voorheen 'n soort oppervlakkige geluk beleef. Tog was daar 'n diepe sielsbenoudheid in jou en my, en 'n onvervuldheid wat spruit uit die besef dat ons lewens doelloos is. Om na Christus te kom en sy liefde te ervaar, was die reuse keerpunt. Vandag is ons waarlik “lewend” in Christus. Paulus sê ook: “God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief” en dat ons gevolglik nou die gawe van verlossing ontvang het. Hy het ons “opgewek uit die dood en... saam met Hom 'n plek in die hemel gegee” “sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus” (*NAB en OAB*). In Christus kry die lewe 'n nuwe betekenis en 'n nuwe doel. Dit is soos Johannes tereg sê: “In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense” (*Joh. 1:4, NAB*).

Lees Efesiërs 2:10. Wat sê hierdie teksvers vir ons oor die kernrol wat werke in die geloofslawe speel? Hoe verstaan 'n mens dit egter binne 'n verlossingsraamwerk, aangesien die mens slegs deur geloof, “sonder die werke van die wet” (Rom. 3:28), gered word?

Hoe het Christus jou lewe verander? Is dit 'n verandering waardeur ander dalk Jesus kan leer ken?

Die transformerende krag van ‘n persoonlike getuienis

Johannes en Jakobus, die seuns van Sebedeus, het alom as die “Seuns van die Donderslae” bekend gestaan (*lees Mark. 3:17*). Dit is egter ’n noemnaam wat Jesus hulle gegee het. ’n Goeie voorbeeld van Johannes se verskriklike humeur is toe Jesus en sy dissipels eenmaal deur Samaria gereis het. In ’n stadium soek hulle na ’n plek om te oornag. Niemand wou hulle egter help nie, vanweë die Samaritane se vooroordeel teen die Jode. Selfs die mees beskeie akkommodasie was onbeskikbaar. Johannes en Jakobus het egter ’n oplossing vir dié probleem gehad, oftewel so het hulle gemeen. “Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: ‘Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verkeer?’” (*Luk. 9:54, NAB*). Hieroor het Jesus hulle egter bestraf. Hy en sy dissipels is toe sonder enige bohaai daar weg. Met liefde en nie met geweld nie – dít was hoe Jesus probleme opgelos het. In die teenwoordigheid van Jesus se liefde word Johannes se voortvarendheid en woede in ’n stille gees van goedhartigheid en medelye getransformeer. Let byvoorbeeld op Johannes se gebruik van die woord liefde in sy eerste Sendbrief. In die Engels verskyn dit byna 40 keer; en verbuigings van daardie woord, byna 50 keer.

Lees die volgende gedeeltes in 1 Johannes – hfst. 1:1-4, hfst. 3:1, hfst. 4:7-11, asook hfst. 5:1-5. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ’n mens oor Johannes se getuienis vir Christus, asook die wyse waarop sy lewe deur sy interaksie met Jesus verander is?

Hier het ons ’n ewige en kosmiese beginsel. Ellen G. White stel dit so netjies: “Om mense te forseer, druis in teen die grondbeginsels van Gods regering. Hy begeer dat ons Hom uit liefde moet dien. ’n Mens kan immers nie iemand op bevel liefhê nie, en dit kan nie met geweld of deur gesaghebbendheid gewen word nie. Liefde word slegs deur liefde aangewakker” (*The Desire of Ages*, bl. 22).

Wanneer ’n mens jou tot ’n lewe met Christus verbind het, straal sy liefde uit jou binnenste na ander. Die beste getuienis van die gelowige se Christenskap is ’n veranderde lewe. Dit beteken egter nie dat jy nooit weer ’n fout sal begaan nie of dat jy nooit ooit gaan versuim om ’n kanaal te wees waarlangs die liefde en genade van Christus na ander vloeïe nie. Die veranderde lewe beteken wel dat jy ’n bepaalde ideaal aktief nastreef – dat die liefde van Christus uit jou sal straal en dat jy die mense om jou tot seën sal wees.

Hoe goed weerkaats jy die liefde van Christus aan ander? Dink aan die implikasies van jou antwoord.

Om die verhaal van Jesus te vertel

Wie was die eerste sendelinge wat Jesus uitgestuur het? Interessant genoeg was dit nie 'n dissipel of 'n paar van die dissipels nie. Dit was ook nie mense wat Hom lank reeds gevolg het nie. Nee, die heel eerste sendelinge wat Jesus uitgestuur het, was onder andere mense met sielkundige probleme – mense wat slegs ure tevore besete was en die ganse landstreek geterroriseer en selfs die mense van die naburige streke op hol gehad het. Een van dié besetenes se demone het hom so bomenslik sterk gemaak dat hy die kettings waarmee hy bedwing is, gebreek het. Hy het ook onaardse geluide gemaak en homself met skerp klippe gesny. Die besetenes se benoude gille was tekenend van 'n deurtastende sielsangs (*Matt. 8:28, 29; Mark. 5:1-5*). Maar toe ontmoet hulle vir Jesus, en die besetenes se lewens word handomkeer verander. Jesus dryf die demone uit, en stuur hulle in 'n trop varke in. Met dié gaan die varke op loop, tuimel oor die afgrond en versuip in die see (*Matt. 8:32-34; Mark. 5:13, 14*).

Lees Markus 5:1-17. Wat het met hierdie persoon/persone gebeur? Wie het die dorpenaars begroet toe hulle gaan ondersoek instel het?

Die besetenes was nou nuwe mense, getransformeer deur die krag van Jesus. Daar aangekom, sien die dorpsmense dat die mans rustig na Jesus sit en luister. Hulle hang behoorlik aan sy lippe. Let wel: in Matteus lees 'n mens van twee besetenes uit wie Jesus demone gedryf het, terwyl Markus slegs op een van die twee fokus. Die feit dat Jesus hulle liggaamlik, verstandelik, psigies en geestelik genees het, is egter die hoofsaak hier.

Lees Markus 5:18-20. Duidelik wou hierdie voormalige besetenes – wat nou bekeernd was – by Jesus bly. Tog stuur Jesus hulle weg, maar om wat presies te doen?

“Die geleentheid wat hierdie mans gehad het om na Jesus te sit en luister, was van korte duur. Hulle het Hom nooit 'n volledige preek hoor gee nie, en derhalwe kon hulle nie die mense leer soos die dissipels wat daagliks by Hom was nie. Tog was al die bewyse daar dat Jesus die Messias is. Dit was in hul eerstehandse belewenis. Hulle kon sê wat met hulle gebeur het – hoe hulle die mag en krag van die Messias self gesien, gehoor en gevoel het. Elkeen wat die genade van die Here kennelik ervaar het, kan op dié wyse getuig” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, p. 340). Deur hul getuienis is die mense van Dekapolis – 'n hele tien stede wat aan die kus van die See van Galilea geleë was – op die evangelie en leer van Jesus voorberei. Dit is hoe kragtig 'n mens se persoonlike getuienis is!

Getuig met geloofsekerheid

Lees 1 Johannes 5:11-13, Hebreërs 10:19-22, asook 1 Korintiërs 15:1 en 2. Watter versekering gee die Skrif ons dat ons wel die ewige lewe in Christus het – ’n geloofsekerheid wat ons in staat stel om met oortuiging oor ons verlossing in Christus te getuig?

As ’n mens nie self verlossingsekerheid in Jesus het nie, kan jy nie daarvoor praat nie. Jy kan nie kennis oordra waarom jy nie beskik nie. Nietemin is daar pligsgetroue Christene wat voortdurend in onsekerheid leef, wat wonder of hulle ooit goed genoeg is om gered te kan word. Dit is egter soos ’n wyse ou predikant eenmaal gesê het: “Wanneer ek na myself kyk, is verlossing totaal onmoontlik. Wanneer ek na Jesus kyk, besef ek egter: om nie gered te word nie, dít is wel heeltemal onmoontlik.” Let op Jesus se Messiaanse woord deur die profeet Jesaja. Dit weerklink deur die eeue heen: “Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie” (*hfst. 45:22, OAB*).

Ons Heer en Heiland begeer dat elke gelowige hom of haar in die verlossing wat Hy die mens vrylik bied, sal verheug. Om kennelik te besef dat ’n mens geregtigheid deur sy genade ontvang, en om bevryding van die veroordeling wat die skuldilas van sonde bring bevry, te smaak – dít is wat Hy graag vir ons wil hê. Dit is soos Paulus in Romeine 5 vers 1 skryf: “God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus” (*NAB*). Hy sê ook dat ons voortaan die versekering het, dat daar “nou geen veroordeling [is] vir dié wat in Christus Jesus is nie” (*Rom. 8:1, NAB*). Die apostel Johannes beaam dit ook: “Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie” (*1 Joh. 5:12, NAB*).

As ’n mens deur geloof Jesus aanvaar het en Hy dan deur die Heilige Gees in jou hart woon, het jy die gawe van die ewige lewe ontvang. Tog kan ’n mens daardie gawe wel verloor, selfs al het jy reeds die genade van God beleef en die verlossing in en deur Jesus gesmaak (*2 Pet. 2:18-22, Heb. 3:6, Op. 3:5*). Die keuse berus deurentyd by ons om ons rug op Jesus te draai. As ’n mens eers die liefde van Christus ervaar het, en dus verstaan hoe groot sy opoffering in werklikheid was, behoort ’n mens egter nooit teen die Een te draai wat jou so liefgehad het en steeds liefhet nie. Intendeel, jy sal elke dag na geleenthede soek om aan ander te vertel van die genade wat God ons in en deur Jesus geskenk het.

Het jy verlossingsekerheid in Jesus? Wat is die grondslag van daardie sekerheid, indien jy dit wel het? Waarom het jy verlossingsekerheid? Gestel jy is onseker oor jou verlossing. Waarom is jy onseker? Hoe kan jy geloofsekerheid bekom?

Die moeite werd om oor te getuig

“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (*Gal. 2:20, OAB*). Wanneer ’n mens jou hart vir Christus gee, is daar gewis opofferings om te maak. Ja, daar is dinge wat Hy ons vra om prys te gee. Om Jesus te volg, is ’n lewe waartoe jy jou verbind; en dit het inderdaad ’n prys. Jesus sê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg” (*Luke 9:23, OAB*). Die kruisdood is ’n pynlike dood. Wanneer ’n mens jou lewe oorgee aan die Messias en sy vereistes, en die “sondige mens” gekruisig word (*soos Rom. 6:6 dit beskryf*), is dit inderdaad pynlik. Om troetelbegeertes en ’n leeftyd se swak gewoontes op te gee, is soms ’n pynlike ervaring. Tog is die beloning veel groter as daardie pyn. Kragtige getuïenisse wat ’n lewensveranderende uitwerking op ander het, fokus egter op die dinge wat Christus vir daardie persoon gedoen het, en nie op al die opofferings wat hy of sy vir Jesus moes maak nie. Sulke oortuigende getuïenisse draai om die Meester se opofferings, en nie die byna onbenullige opofferinkies wat ons moes maak nie. Elke opoffering wat Christus van ons verwag, is in elk geval altyd vir ons beswil, en nie om dowe neutte nie.

Nietemin wemel die kerkgeskiedenis van verhale oor mense wat ongelooflike opofferings ter wille van Jesus moes maak. Nie dat diesulkes hul verlossing deur werke probeer verkry het nie. Hulle dade – hoe onbaatsugtig en opofferend dit ook al was – het hulle ook nie in guns by God gebring nie. Intendeel, in die meeste gevalle was dit juis uit ’n besef dat Christus alles vir hulle opgeoffer het, dat hierdie mans en vroue bereid was om hul lewens, in ooreenstemming met hul roeping, vir Christus op te gee.

Lees Johannes 1:12, hfst. 10:10 en 14:27, asook 1 Korintiërs 1:30. Wat Christus vir ons gedoen het, moet altyd die grondslag van ons getuïenis vir Hom wees. Noem nou ’n paar van die genadegawes wat in die skrifgedeeltes beskryf word.

Aan die hand van die teksverse wat ons so pas bekyk het, kan jy jou afvra: wat het Christus vir my gedoen? Dalk volg jy die Meester al jare lank, koersvas dog teen ’n gemaklik pas; of dalk het jy in ’n stadium ’n meer dramatiese bekering gehad. Hoe dit ook al sy, dink nou aan al die goeie dinge wat Jesus vir jou gedoen het; asook die lewensdoel, innerlike vrede, en die vreugde wat Hy jou geskenk het en steeds skenk. Dink aan al die kere wat Hy jou krag gegee het om die uitdagings in jou lewe te oorkom.

Tot watter soort opoffering vir Christus is jy geroepe? Wat het jy uit jou wandel met Christus geleer wat ander tot seën kan wees?

Vir verdere studie:

Lees Markus 5:25-34. “Terwyl die massa saamgekoek om Christus voortbeur, kom niemand dit agter nie. Iemand het die Meester aangeraak en krag het vanaf Hom na daardie persoon uitgegaan. Die siek vrou – die een wat haar hand uitgesteek en Hom aangeraak het, en [boonop] met die geloof dat sy genees sou word – het beslis die genesende krag gevoel. Dit geld ook vir die geestelike lewe. Om op ’n ongeërgde en oppervlakkige wyse oor geestelike dinge te praat, en om sonder ’n daadwerklike honger en sonder ’n lewende geloof te bid, is nutteloos. Die blote belydenis dat mens ’n Christen is en die blote aanvaarding van Christus as die verlosser van die mens, kan nooit innerlike genesing bring nie. Reddende geloof is veel meer as net ’n intellektuele aanvaarding van die waarheid... Dit is nie voldoende om [bepaalde dinge] oor Christus te glo nie. Nee, ’n mens moet in Hom glo. Die enigste geloof wat werklikwaar voordelig is, is die soort waar ’n mens Christus as jou persoonlike saligmaker aanvaar, die soort waar jy jou op sý goedheid beroep...

“Deur die belydenis dat God getrou is – dít is die gekose metode vir die openbaring van Christus aan hierdie wêreld. Aan Gods genade, soos dit deur Godsmanne van ouds bekend gemaak is, moet ons [inderdaad] erkenning gee. Nietemin is die Christen se getuienis oor die dinge wat hy of sy persoonlik beleef het, die mees doeltreffende [belydenis]. Ons getuig vir die Here namate ons die werking van sy bomenslike krag in, en deur, ons lewens na vore bring. Elke gelowige se lewe vertoon ’n eiesoortigheid, ’n geloofsbelewenis wat van ander s’n verskil. God begeer dat ons eerbetoning aan Hom van daardie uniekheid sal getuig. Die kosbare belydenis wat ’n mens ter verheerliking van sy grote genade voor ander gee – een gerugsteun deur ’n Christosentriese lewe – het ’n onweerstaanbare uitwerking op mense. Dit red siele” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 347).

Vrae vir bespreking:

1. Wat is die hoofkomponente van ’n aangrypende getuienis? Lees Paulus se getuienis voor Agrippa in Handeling 26:1-23. Wat gebruik hy as grondslag?
2. ’n Mens se persoonlike getuienis oor die dinge wat Christus vir jou gedoen het, is besonder kragtig. Waarom is dit so? Maar hoe nou gemaak met die volgende teenvraag: “Goed dan, dit is wat met jǒú gebeur het, maar dit is nie hoe ék tot dusver God [of Christus of selfs die lewe] beleef het nie? Waarom moet ek nou skielik Christus volg op grond van ’n belewenis wat nie myne is nie?”
3. Wat is ’n paar dinge wat jy liefs wil vermy in jou getuienis aan ongelowiges [of selfs aan andersgelowiges]?
4. Bepeins die kwessie rakende verlossingsekerheid. Waarom is dit so ’n belangrike deel van die Christen se geloofslawe? Hoe verkry ’n mens dit sonder om in die strik van verwaandheid te beland?